

### 1. Dawid se droefheid oor die dood van Saul en Jonatan

Drie dae nadat Dawid teruggekom het van die geveg met die Amalekiete het daar 'n boodskapper met geskeurde klere en grond op sy kop in Siklag na hom toe gekom.

- Hy het aan Dawid berig gebring van die neerlaag van die Israeliete en van die dood van Saul. Hy het vertel dat hy tydens die geveg op die Gilboaberg was.
- Daar het hy gesien hoe Saul op sy spies leun, en toe Saul hom versoek om hom dood te steek, het hy dit gedoen.
- As teken dat hy die waarheid praat, het hy vir Dawid die kroon en die armband van Saul gewys.
- Hy het sy aandeel aan die dood van Saul opgemaak omdat hy gedink het dat Dawid hom goed sou beloon.
- Dawid was egter baie hartseer oor die dood van Saul en veral van sy boesemvriend Jonatan.
- Dawid kon nie anders as om te dink dat hierdie man die waarheid vertel nie, en daarom het hy hom as koningsmoordenaar laat doodmaak. Dawid het toe 'n klaaglied oor die dood van Saul en Jonatan gesing.

### 2. Dawid koning in Hebron

Na die dood van Saul het Dawid nie meer nodig gehad om in die land van die Filistyne te bly nie. Hy het die Here geraadpleeg, en die Here het hom toestemming gegee om hom **in Hebron** te gaan vestig. Hy het sy vroue en ook sy manskappe met hulle gesinne saamgeneem om daar te gaan woon.

- Die burgers van Juda het toe vir Dawid tot hulle koning kom salf. Dawid het reeds die roeping tot koning gehad en hy is ook reeds deur Samuel gesalf, maar nou het hy die opdrag van die burgers van Juda gekry om die bewind te aanvaar.
- Dawid het nie geaarsel om dit te aanvaar nie.
  - Hy het dadelik die geleentheid te baat geneem om die burgers van Jabes te prys omdat hulle Saul en sy seuns eervol begrawe het.
  - Omdat hy geweet het dat hulle op die hand van Saul was, het hy die geleentheid aangegryp om aan hulle te meld dat hy nou tot koning van Juda gesalf is.

### 3. Is-Boset koning oor die ander stamme

Dawid het eers na baie stryd ook oor die ander stamme koning geword.

- Hy het aanvanklik sewe en 'n half jaar lank net oor Juda geregeer.
- Die stryd het gekom van die kant van Abner, die hoof van Saul se leër. Hy het vir Is-Boset, die veertigjarige seun van Saul, as koning oor Israel uitgeroep. Is-Boset is ook Es-Baäl genoem.
- Die feit dat daar nou twee konings in Israel was, het aanleiding gegee tot baie verdeeldheid en stryd. In die derde jaar het Abner met 'n burgeroorlog begin omdat hy daarmee wou poog om ook vir Juda onder die heerskappy van Is-Boset te bring.

### 4. Die slag by Gibeon

Die stryd het uitgeloopt op die slag by Gibeon.

- Abner het 'n voorstel gemaak aan Joab, die leërhoof van Dawid, dat twaalf jong manne van elke kant eers die oorlogspel moet speel. Van die uitslag hiervan sou die oorwinning van die oorlog afhang. Die uitslag het egter onbeslis gebly toe al 24 saam gesterf het.
- Daarna het 'n algemene geveg ontstaan waartydens Abner teruggedryf is sodat hy met sy manne gevlug het.
  - Asael, Joab se broer, wat baie vinnig kon hardloop, het Abner agtervolg en knaend op sy spoor gebly.

- Abner het hom gewaarsku om pad te gee agter hom, maar hy wou nie. Toe het Abner na agter toe met sy spies gesteek en Asael doodgesteek.
- Joab en sy ander broer, Abisai, het voortgegaan met die agtervolging van Abner. Teen die aand het Abner egter vir Joab oorreed om die agtervolging te staak.
- Joab en sy manne het 'n groot oorwinning in die geveg behaal.

## 5. Abner kies Dawid se kant

Hoewel die vyandskap tussen Dawid en Is-Boset voortgeduur het, het Dawid hoe langer hoe sterker geword.

- Baie van Is-Boset se aanhangers het van hom afvallig geword en hulle by Dawid geskaar.
- Intussen het Abner se mag gegroei onder die aanhangers van Saul se familie.
  - Hy het meer en meer op die voorgrond gekom en Is-Boset begin oorheers.
  - Hy het ook Saul se byvrou, Rispa, vir hom geneem, wat 'n teken was dat hy probeer het om die koningskap in die hande te kry.
  - Toe Is-Boset hom hieroor aanspreek, het Abner kwaad geword en hom allerlei verwyte toegeslinger.
- Daarop het Abner met Is-Boset gebreek en sy hulp aan Dawid aangebied.
  - Dawid het dit aanvaar, maar op voorwaarde dat Abner sou sorg dat Dawid weer vir Mikal as sy vrou sou terugkry; sy was intussen met iemand anders getroud.
  - Abner het dit gedoen, en van toe af alles in die werk gestel om al die stamme te beweeg om Dawid as koning te erken.

Die onderhandelinge van Dawid met Abner het vir Joab dwars in die krop gesteek, en hy het sy misnoeë daaroor op taamlik skerp toon aan Dawid bekend gemaak.

- Joab het nog steeds wraakgedagtes teen Abner gehad omdat Abner sy broer, Asael, doodgemaak het, en omdat hy bang was dat, nou dat Abner in Dawid se guns was, dit sy eie posisie by Dawid sou verswak.
- Daarop het Joab Abner op verraderlike wyse doodgemaak.
  - Dawid het onomwonde te kenne gegee dat hy onskuldig was aan Abner se dood.
  - Hy het selfs 'n vloek uitgespreek oor die huis van Joab, en hy het beveel dat daar rou bedryf moet word oor Abner.

## 6. Moord op Is-Boset

Na die dood van Abner kon Is-Boset hom nie meer teen Dawid verset nie.

- Twee bendeleiers, Baana en Rekab, het gemeen om Dawid 'n guns te bewys en hulle het Is-Boset op sy bed vermoor terwyl hy sy middagrus geneem het. Hulle het sy kop afgesny en dit na Dawid in Hebron gebring.
- Dawid het egter bevel gegee dat hulle ook doodgemaak moet word. Hulle lyke, met afgekapte hande en voete, het hy laat ophang by die dam van Hebron.

## 7. Dawid koning in Jerusalem

### 7.1 Dawid word koning oor die hele Israel

Na die dood van Is-Boset was daar eintlik niemand meer in Saul se huis wat die regering kon oorneem nie.

- Mefiboset, Jonatan se seun, was die enigste wat nog reg op die troon gehad het. Hy was egter lam en gevolglik nie geskik daarvoor nie.
- Daarom het die volk nou eenparig besluit om vir Dawid tot koning oor die hele Israel uit te roep.
  - Afgevaardigdes van al die stamme het in Hebron bymekaargekom om die koninklike

- heerskappy aan Dawid op te dra.
- Dawid het 'n verbond met hulle gesluit, en hy het koning geword oor die hele Israel.

**Die eerste daad wat Dawid as koning verrig het, was om Jerusalem in te neem en dit sy residensie en hoofstad van sy koninkryk te maak. Dit was 'n baie belangrike politieke skuif waarmee hy die hele Israel onder hom verenig het.**

- Jerusalem is dieselfde stad wat voorheen Salem genoem is (Gen. 4:18), en ook Jebus (Rig. 19:10,11). Die naam Jerusalem beteken “stad van vrede”.
- Dawid kon geen geskikter residensie kry as hierdie vesting van die Jebusiete nie.
- Omdat die bergvesting van Sion in die stad byna oninneembaar was, het die Jebusiete 'n voortdurende gevaar vir die Israeliete opgelewer.
  - Die vesting was so sterk dat die Jebusiete selfs gespog het dat die blindes en kreupeles dit sal kan verdedig.
  - Dawid het egter die vesting ingeneem, en dit Dawidstad genoem. Dit het sy residensie geword, en daardeur is dit ook as hoofstad van die koninkryk verklaar.
  - Met behulp van die Tiriërs het Dawid sy paleis daar laat bou. Hy het ook nou vir hom meer vroue en byvroue geneem.

## 7.2 Dawid laat die ark na Jerusalem bring

Na die vestiging van sy koninkryk het Dawid veral aandag gegee aan die godsdiens. Hy het waarskynlik besef dat Hy sy ryk nog meer kan versterk as hy Jerusalem ook die godsdienstige hoofstad van sy ryk maak. Om die volk godsdienstig te verenig wou hy die ark na Jerusalem bring en later daar 'n heiligdom oprig.

- Die godsdiens het gaandeweg in verval geraak, ook omdat die verbondsark nie meer in die heiligdom van die Here gestaan het nie. Die ark was nog altyd in die huis van Abinadab by Kirjat-Jearim, en Dawid het opdrag gegee dat die ark Jerusalem toe gebring moet word.
- Abinadab se seuns, Ussa en Agjo, het die ark op 'n nuwe wa na Jerusalem vervoer. Toe die osse struikel, het die ark van die wa begin afgly, en Ussa het sy hand uitgesteek om die ark teë te hou. Toe hy die ark aanraak, het hy dood neergeval omdat dit verbode was om die ark aan te raak. Sy dood het groot droefheid gebring. Dawid het voorlopig die plan opgegee om die ark na Jerusalem te bring, en die ark is neergesit in die huis van Obed-Edom.
- Toe Dawid egter sien dat die Here die huis van Obed-Edom seën, het hy weer moed gekry om sy plan deur te voer.
- **Hierdie keer het hy hom noukeurig aan die voorskrifte van die Wet gehou. Hy het eers gaan vra hoe die Here wil hê die ark vervoer moet word.**
- Hy het die vervoer van die ark opgedra aan Sadok en Abjatar en die Leviete.
  - Die ark is gedra onder die gesang van die volk en die speel van musiek.
  - Dawid self het van vreugde voor die ark uitgehuppel, gekleed in 'n linneskouerkleed. Toe Mikal, sy vrou, uit haar venster na hom kyk, het sy hom in stilte verag, omdat sy so 'n blydskap in die gemeenskap met God en sy volk nie geken het nie.
  - Dit was vir haar in haar hoogmoedigheid nie aanvaarbaar dat Dawid sy koninklike waardigheid op so 'n manier aflê nie en sy het Dawid skimpend hieroor verwyt.
  - Dawid het haar vernederend geantwoord, en die Here het Mikal hieroor gestraf; sy het haar lewe lank kinderloos gebly.

## 7.3 Dawid se voorneme om 'n tempel te bou

Dawid het die ark in 'n tent neergesit op Sion.

- Sion was die naam van die suidoostelike heuwel van Jerusalem waar die vesting van die Jebusiete

gestaan het en waar die Dawidstad gebou is.

- Later is die naam “Sion” gebruik vir die tempelberg, daarna vir die hele Jerusalem.
- In die profesieë word “Sion” ook gebruik vir die volk van God, die gelowiges.
- As gevolg van die kontras tussen sy eie huis en die tent van die ark, het die gedagte by Dawid opgekom om vir die Here ’n tempel te bou.
  - Hy het hieroor met Natan, die profeet, gepraat. Natan het niks verkeerds in die plan van Dawid gesien nie en het Dawid aangemoedig om die plan uit te voer.
  - Die Here het egter anders geoordeel. Die Here het Dawid se seun, Salomo, bestem om vir Hom ’n tempel te bou. Dawid het alreeds te veel bloed vergiet, en hy sou nog baie teen sy vyande moes stry.
  - Natan het egter die belofte van die Here aan Dawid oorgebring dat die Here vir Dawid ’n huis sal bou, ’n koningshuis met ’n bestendige koningskap wat vir altyd sal voortbestaan, en waaraan die Here sy trou nie sal onttrek nie.

Dawid het die Here gedank vir sy beloftes, en gebid om die vervulling daarvan.

#### **7.4 Dawid se trou ten opsigte van Jonatan**

Dawid wou die beloftes wat hy gemaak het, nou vervul. Hy het aan Jonatan beloof dat hy guns sou bewys aan sy nakomelinge.

- Dawid het hom ontferm oor Mefiboset, Jonatan se seun, wat as gevolg van ’n ongeluk terwyl hulle op die vlug was, lam geword het.
  - Dawid het aan hom die grond wat aan Saul behoort het, teruggegee,
  - en hom toegelaat om lewenslank by hom aan tafel te eet. Hiervoor was Mefiboset opreg dankbaar teenoor Dawid. “Wat is ek tog,” het hy gesê, “dat u aandag gee aan ’n dooie hond soos ek?”

#### **7.5 Dawid se stryd teen sy vyande**

Dawid het tydens sy regering baie teen *buitelandse vyande* opgetree.

- Die Filistyne was in dié tyd die grootste vyand van Israel. Kort nadat Dawid oor die hele Israel koning geword het, het die Filistyne teen hom opgetrek. Hy het hulle twee maal in die Spooklaagte verslaan. Hierna het die Filistyne nie weer teen die Israeliete oorlog gemaak nie. Eers heelwat later, tydens die regering van koning Joram, het hulle weer teen Juda opgetrek.
- Dawid het ook die Moabiete verslaan sodat slegs een derde van hulle in die lewe gebly het.
- In die noordooste het hy die magtige koning van Soba verslaan.
- Ook die Arameërs van Damaskus, wat die koning van Soba kom help het, is deur Dawid verslaan. Tydens hierdie oorlog het Damaskus in Dawid se hande geval.
- Hy het ook die Edomiete verslaan. Toe hulle ’n inval in Juda gemaak het, het Abisai hulle heeltemal vernietig.
- Die Ammoniete het hardnekkig probeer om Dawid te weerstaan.
  - Hulle koning, Ganun, het Israel skandelik beledig toe Dawid met die dood van Nagas, Ganun se pa, ’n gesantskap gestuur het om sy deelneming te betuig.
  - Ganun het hierdie gesantskap gevat en hulle baard net aan die een kant van die gesig afgeskeer. Hy het ook hulle klere net onderkant die heupe afgesny en hulle teruggestuur.
  - Dawid het onmiddellik na die wapens gegryp. Toe die Arameërs die Ammoniete kom help, het Joab die leër van Israel in twee verdeel. Een deel het onder die aanvoering van Abisai teen die Ammoniete opgetrek, en Joab het die ander deel self aangevoer teen die Arameërs.
  - Die Arameërs is verslaan, en toe die Ammoniete dit hoor, het hulle teruggetrek tot in hulle vesting, Rabba. Toe die Arameërs weer gereed maak vir die oorlog, het Dawid self oor die Jordaan getrek en hulle so totaal verslaan dat veertig duisend van hulle ruiters omgekom het.

Dit het hulle vir goed hul lus ontnem om die Ammoniete te hulp te kom.

## 7.6 Dawid se regeringsadministrasie

Dawid het ook noukeurige maatreëls getref vir die regering van die land.

- Hy het Joab, die seun van sy suster Seruja, aangestel as hoof van die weermag.
- Sy hoof uitvoerende beampte was Josafat.
- Sadok en Agimelek was die priesters, en Seraja is aangestel as staatssekretaris.
- Hy het ook Benaja aangestel as hoof van die Kreti en Pleti. Die Kreti en Pleti was Dawid se persoonlike lyfwag van beroepsoldate, wat moontlik gewerf was uit Kretense en Filistyne.

## 8. Dawid en Batseba se sonde en die gevolge daarvan

### 8.1 Dawid se sonde met Batseba

Die Skrif bring duidelik na vore dat hoewel Dawid 'n man na God se hart was, hy tog ook 'n gewone mens was wat in sonde kon val. **Dawid se sonde word sonder skroom in die Bybel beskrywe, maar ewe duidelik word God se oordeel en straf oor die sonde, en Dawid se berou en God se vergifnis aangetoon.**

Dawid se sonde het plaasgevind toe Joab met sy leër teen die Ammoniete uitgetrek het om die hoofstad, Rabba, te beleër. Dawid het nie saam uitgetrek nie, maar in Jerusalem agtergebly.

- Toe hy op 'n dag van sy middagrus opgestaan het, het hy op die dak van sy paleis rondgewandel. Van die dak af het hy 'n baie mooi vrou gesien wat besig was om te bad. Sy was Batseba, die vrou van Urija, een van die soldate in Joab se leër.
- Dawid was heeltemal deur sy hartstogte vervoer toe hy haar sien, en dit het die begeerte tot 'n sondige daad by hom opgewek. Hy het dadelik laat navraag doen wie sy is, en selfs toe hy uitvind dat sy 'n getroude vrou is, het dit sy hartstogte nie laat bedaar nie. Hy het haar laat haal en owerspel met haar gepleeg.
- Dit skyn asof Batseba haar dit alles laat welgeval het, en die gevolge van hulle sonde het nie uitgebly nie. Batseba het swanger geword en vir Dawid daarvan laat weet.
- Dawid moes nou seker sorg dat die gevolge van hulle daad afgewend word, want volgens Levitikus 20:10 moes hulle altwee gestenig word.

### 8.2 Die moord op Urija

Dawid het nie dadelik sy skuld voor God bely nie, maar hom in nog groter ellende gestort. Toe die gevolge van hierdie verkeerde daad van hom dreig om openbaar te word, het hy probeer om die eerste sonde met 'n nog groter sonde te bedek.

- Hy het Urija, Batseba se man, uit die oorlog teruggeroep, oënskynlik sodat Urija aan hom verslag kon doen oor die oorlog. Dawid wou gehad het dat Urija na sy huis toe sal gaan, sodat dit sou lyk of Urija verantwoordelik was vir Batseba se swangerskap.
- Urija het egter volgens die tradisie van streng militêre dissipline geweier om by sy vrou te gaan slaap. Hy het by die paleisdeur gaan slaap saam met die slawe van die koning.
- Die volgende dag het Dawid hom vir ete genooi en hom selfs dronk gemaak in die hoop dat hy dan na sy huis toe sal gaan. Urija het die nag egter weer by die slawe gaan slaap.
- Dawid het nou op 'n nog groter misdaad besluit. As Urija dood was, kon hy dadelik met Batseba trou, en dan kon die kwaad tog verborge bly. Urija word nou met 'n brief van Dawid aan Joab teruggestuur. In die brief versoek Dawid Joab om vir Urija aan die voorpunt van die geveg te plaas sodat die vyand hom kan doodmaak.
- Joab het so gemaak, en Urija het in die geveg gesneuwel. So het Dawid nou ook moordenaar geword.

- Batseba het oor haar man getreur, en nadat die routyd verby was, het Dawid haar laat haal, en sy het sy vrou geword. Hierdie saak was egter verkeerd in die oë van die Here.

### 8.3 Die straf oor Dawid se sonde

Die straf oor die sonde het ook nie uitgebly nie. Na die geboorte van Batseba se kindjie het die Here die profeet Natan na Dawid gestuur.

- Natan het aan hom hierdie gelykenis vertel: Daar was 'n ryk man en 'n arm man. Die ryk man het baie vee gehad, maar die arm man het net een oilammetjie gehad. Toe die ryk man besoek kry, het hy die enigste oilammetjie van die arm man gevat en dit vir sy gas geslag.
- Dawid het verontwaardig uitgeroep dat die man wat dit gedoen het, die dood verdien. Toe sê Natan vir hom: “Jy is die man!” So het Natan Dawid sy eie doodvonnis laat uitspreek.
- Hy het Dawid gewys op al die seëninge wat die Here hom geskenk het en hoe skerp sy misdaad daarteenoor afsteek. Hy het baie vroue gehad, en tog het hy Urija se enigste vrou geneem en Urija nog laat doodmaak ook. Dawid het tweërlei sonde begaan: egbreuk en moord.
- Daarom laat die Here dit beantwoord met tweërlei straf. As antwoord op die moord sal die swaard uit Dawid se huis nie wyk nie.
  - Die vervulling hiervan vind ons later in die moord van Absalom op Amnon, in die opstand van Absalom, gevolg deur sy dood, en in die teregstelling van Adonia.
  - As antwoord op die egbreuk sien ons Absalom se optrede in 2 Samuel 16:21, 11 in verband met die skending van Dawid se byvroue.
- Verder sou Batseba se kindjie ook sterf. Nadat Natan huis toe gegaan het, het die Here die kindjie met siekte getref en sewe dae later is hy dood.

### 8.4 Dawid se berou

Nadat Natan hom betig het, het Dawid dadelik tot berou gekom.

- Hoe diep sy berou en verootmoediging was, kan ons lees in Psalm 32 en 51. Sy gemoed was verpletter, veral ook deur die wete dat die siekte en uiteindelik die dood van die kindjie die Here se straf oor sy oortreding was. Hy het aanhoudend gepleit op die genade van die Here. Toe die kindjie egter dood is, het Dawid dit gelowig aanvaar.
- Die grootheid van Dawid se geloof en vertrouwe op die Here kom daarin uit dat hoewel hy uit menslike swakheid in sonde geval het, hy diep berou daarvoor gehad het en hom voor die Here verootmoedig het.
- Verder kom in hierdie geskiedenis veral die vergewende liefde van die Here sterk na vore. Uit die huwelik tussen Dawid en Batseba is later Salomo gebore. Die naam “Salomo” beteken soveel as “vredevors”. Deur die Here is hy egter Jedidja genoem, dit is “die Here het hom lief” (2 Sam. 12:25).

## 9. Absalom

### 9.1 Absalom maak sy broer Amnon dood

In die laaste jare van Dawid se regering het hy bittere lewensleed ervaar. Die oordele wat Natan in opdrag van die Here oor hom uitgespreek het, het oor sy huis losgebreek.

- In Dawid se huis kom daar nou 'n hele ketting van misdade voor: bloedskanie, moord, opstand teen sy vaderlike gesag en rewolusie.
- Amnon, Dawid se seun by Aginoam, het die eerste donker skaduwees oor Dawid se huis gebring. Amnon het verlief geraak op sy halfsuster, Tamar.
  - Hy het gemaak of hy siek is, en het aan Dawid laat vra of Tamar hom mag bedien. Toe sy hom kom versorg en hulle twee alleen in die kamer was, het hy haar onteer. Daarna het hy haar gehaat en haar nog dieper beledig deur haar van hom af weg te jaag.

- Met droefheid en skande oorlaai het Tamar haar toe begeef na die huis van haar broer Absalom en hom alles vertel.
- Absalom het hom voorgeneem om hom op Amnon te wreek. Sy kans het twee jaar later gekom. Hy het al die seuns van Dawid uitgenooi na 'n skaapskeerdersfees, en tydens die fees het hy Amnon deur sy lyfwagte laat doodmaak. Die ander koningseuns het gevlug.

## 9.2 Absalom se vlug en terugkeer

Absalom moes nou vlug, en hy is na sy grootvader Talmai, koning van Gesur, noord van die berge van Gilead. Daar het hy drie jaar gebly.

- Dawid het begin om na Absalom te verlang, maar hy het nie die moed gehad om hom terug te roep nie.
- Joab het dit gemerk en het toe met listigheid dit so bewerk dat Dawid toestemming gegee het dat Absalom kon terugkeer.
- Absalom kon terugkom Jerusalem toe, maar hy kon nie in die teenwoordigheid van die koning kom nie.
- Dit het twee volle jare lank so voortgeduur. Hy het twee maal tevergeefs probeer dat Joab hom na Dawid moes bring. Daarop het hy 'n stuk land van Joab aan die brand gestee. Joab was verplig om met Absalom te praat, en uiteindelik het Joab dit so bewerk dat Absalom weer in Dawid se guns herstel is. Hierdie versoening was vir Absalom net skyn.

## 9.3 Absalom se opstand

In Absalom se hart het daar wrok en vyandskap gebly. Hy het planne begin beraam om sy pa van die troon af te stoot en self koning te word.

- Lis en geweld was die enigste doeltreffende middels wat hy kon gebruik, want hy het die wettige reg op die troon verbeur deur die moord op sy broer Amnon.
- Hy het nou met valse spoggerigheid en leë beloftes onder die volk beweeg om hulle aandag te trek. Hy het ook nogal indruk gemaak. Met sy veinsery en met vleierey het hy die mense se guns gewen.
- Hy het selfs Dawid se regspraak verdag gemaak. Toe Dawid veertig jaar op die troon was, het Absalom tot vyandelike dade oorgegaan.
- Toe het Absalom besluit om sy verraaiersplanne met 'n godsdienstige kled te bedek: hy het voorgegee dat hy Hebron toe moes gaan om daar 'n gelofte aan die Here te gaan betaal, en hy het van Dawid verlof gevra om te gaan.
- In Hebron kon Absalom sy planne nou beter uitvoer as in Jerusalem. Daar het 200 man saamgegaan om deel te neem aan die sogenaamde offerfees.
- Merkwaardig genoeg het Dawid niks verkeerds vermoed nie.
- Agitofel, Dawid se adviseur, was by Absalom se gevolg.
- Absalom het vir hom boodskappers aangestel om die gerug deur die hele land te versprei dat hy koning geword het in Hebron.
- Toe Dawid van die opstand hoor, het hy in kalm geloofsvertroue besluit om nie ontydig in te gryp nie. Hy het besef dat hy nie 'n leër kon voorsien wat groot genoeg is om teen die opstandelinge weerstand te bied nie, en daarom het hy besluit om uit die stad te vlug. 'n Groot aantal getroue volgelingen het Dawid op sy vlug vergesel.
- Sadok en Abjatar, die priesters, het ook met die ark uit Jerusalem getrek. Dawid het hulle aangesê om die ark terug te vat na die stad toe. Toe Dawid met sy volgelingen deur die Kedronspruit trek, het al die inwoners van die stad geloop en huil, lees ons.

Toe Dawid die ontstellende berig verneem dat sy adviseur, Agitofel, Absalom se kant gekies het, het hy die Here gesmeek om tog Agitofel se raad te veryd. Die Here het hierdie gebed verhoor.

- Gusai, Dawid se ander adviseur, was nog by Dawid. Dawid het Gusai toe na Absalom toe gestuur

om hom daar as 'n volgeling van Absalom voor te doen, en hy moes deur middel van die twee priesterseuns, Agimaäs en Jonatan, vir Dawid op die hoogte hou van Absalom se handeling.

Terwyl Dawid verder getrek het, het hy Siba teengekom. Siba was Mefiboset se dienaar.

- Siba het deur middel van leuens Dawid se gevoelens teen Mefiboset opgewek, sodat Dawid aan hom al Mefiboset se besittings geskenk het.
- Siba het aan Dawid vertel dat Mefiboset in Jerusalem agtergebly het met die hoop dat die volk sy vader se koningskap aan hom sou teruggee. Dit was 'n leuen wat eers later aan die lig gekom het.
- Toe Dawid by Bagurim kom, het hy Simeï, wat uit die geslag van Saul was, teëgekrom. Simeï het hom gevloek en met skeldwoorde oorlaai.
- Abisai wou Simeï daar en dan doodmaak, maar Dawid het hom verhinder met die opmerking dat die wraak aan God oorgelaat moet word. Daarmee het Dawid erken dat ook die kwaad onder God se bestuur staan.

#### **9.4 Absalom se intog in Jerusalem**

Terwyl Dawid nog verder gevlug het, het Absalom tot binne Jerusalem gekom.

- Hier het Gusai, Dawid se getroue adviseur, sy dienste aan Absalom aangebied.
- Absalom was verwonderd hieroor, maar Gusai kon met dubbelsinnige woorde Absalom se vertroue wen.
- Absalom het nou aan Agitofel gevra wat hy moet doen. Agitofel het hom die raad gegee om die byvroue van sy vader te onteer. Absalom het hierdie raad opgevolg, en so is die straf oor die egbreuk van Dawid hier vervul.
- Verder het Agitofel Absalom aangeraai om Dawid dadelik met 12 000 man te agtervolg en hom te verslaan voordat Dawid sy leër kon versterk.
- Absalom het geaarsel om hierdie raad onmiddellik op te volg. Hy wou eers weet wat Gusai hieroor te sê het. Gusai het die raad van Agitofel afgekeur. Hy het voorgestel dat Absalom eers 'n groot leër versamel en Dawid dan daarmee tegemoet trek. Hy wou aan Dawid die tyd gee om self eers 'n groot leër te versamel.
- Absalom en al die manskappe het Gusai se voorstel beter gevind. Eintlik was dit die Here wat die goeie raad van Agitofel verydel het sodat die onheil oor Absalom kon kom.
- Agitofel het ingesien dat die voorstel van Gusai sou beteken dat die onheil hom en Absalom sou tref, en daarom het hy 'n einde aan sy eie lewe gemaak.
- Die planne van Absalom is dadelik deur Gusai aan Sadok en Abjatar bekend gemaak, en hulle het dit deur middel van Agimaäs en Jonatan aan Dawid laat oorbring sodat Dawid dadelik teenmaatreëls kon tref.
- Dawid het die raad van Gusai opgevolg en oor die Jordaan getrek tot by Maganajim. Hier het 'n groot aantal goedgesindes, selfs van die Ammoniete, na hom toe gekom.

#### **9.5 Absalom se neerlaag en dood**

Toe Absalom gereed was vir die stryd met Dawid, het Dawid alreeds 'n groot leër gehad wat hy in drie verdeel het. Dawid het sy bevelhebbers opdrag gegee om tog sag met Absalom te werk.

- Die stryd tussen die twee leërs het plaasgevind in die Efraïmsbos. Hierdie bos was waarskynlik geleë aan die oostekant van die Jordaan.
- Die opstandeling is verslaan en van hulle het 20 000 man gesneuwel.
- Ook Absalom het nie weggekrom nie. Hy het op 'n muil gevlug en sy kop het vasgehaak in die digte takke van 'n akkerboom. Die muil het weggehardloop en Absalom het daar bly hang. Hy is daar deur iemand opgemerk wat dit aan Joab kom vertel het. Joab het nie ag geslaan op Dawid se opdrag nie; hy het drie spiese deur Absalom se hart gesteek en dit aan sy wapendraers oorgelaat om hom verder heeltemal dood te maak.



- So het die stryd in Dawid se guns geëindig.
- Agimaäs en 'n Kussiet het die droewige tyding van Absalom se dood aan Dawid gebring. Dawid was baie ontroer en het oor Absalom getreur.

## **10. Dawid herstel in sy koninkryk**

Terwyl Dawid so deur sy smart oorstelp was, het hy vir die oomblik sy troue volgelinge vergeet. Joab het hom oorgehaal om in die poort te gaan sit sodat sy manskappe voor hom kon verskyn.

- Die volk het ooreengekom om Dawid weer as hulle koning terug te verwelkom. Dawid wou nie die eer om hom as koning terug te haal aan die manne van Absalom laat toekom nie, en hy het boodskappers na die stam van Juda gestuur om hom na Jerusalem terug te bring.
- Dawid het vir Joab as leërowerste afgesit en Amasa, die leërowerste van Absalom, in sy plek aangestel.
- Toe Simeï Dawid om vergifnis smeek omdat hy hom gevloek het, het Dawid vir hom gesweer dat hy hom nie sal doodmaak nie. Later, op sy sterfbed, het hy aan Salomo opdrag gegee om Simeï vir hierdie lastering nie te verskoon nie.

## **11. Opstand van Seba**

Intussen was die manne van Israel ontsteld daaroor dat Dawid aan die stam van Juda die voorrang gegee het om hom na Jerusalem terug te bring.

- Seba het van hierdie twis gebruik gemaak om die manne van Israel teen die koning op te hits. Seba het vir hom 'n groot leër bymekaargemaak onder die manne van Israel.
- Dawid het aan Amasa opdrag gegee om 'n leër uit die manne van Juda op die been te bring, maar Amasa kon dit nie binne die bestemde tyd regkry nie.
- Dawid het Abisai toe beveel om Seba agterna te jaag. Joab het ook saam opgetrek. Onderweg het Joab die leër van Amasa teengekom. Hy het hom op Amasa gewreek deur hom met sy swaard dood te steek. Dit het Joab ook geluk om die hele leër van Amasa agter hom te kry. Hulle het Abel-Bet-Maäka beleër waar Seba gaan wegkruip het. 'n Wyse vrou het bo van die stadsmuur af met Joab gepraat, en sy het die stadsburgers oorreed om Seba uit te lewer. Hulle het Seba doodgemaak, sy kop afgesny en dit vir Joab oor die muur gegooi. Daarmee was die opstand op 'n einde, en het die vrede in Dawid se koninkryk teruggekeer.

## **12. Dawid se laaste lewensjare**

### **12.1 Die Gibeoniete en die huis van Saul**

Saul het, terwyl hy nog geregeer het, beplan om die Gibeoniete saam met die Kanaäniete uit te delg, nieteenstaande die verbond wat Josua vroeër met hulle gesluit het.

- As gevolg van Saul se moord op sommige van die Gibeoniete het die Here nou 'n hongersnood van drie jaar in die land gebring.
- Die Here het dit op Dawid se versoek aan hom bekend gemaak dat die hongersnood die gevolg was van Saul se gruweldaad teenoor die Gibeoniete.
- Toe Dawid die Gibeoniete hieroor raadpleeg, het hulle geëis dat Dawid sewe seuns van Saul aan hulle moet uitlewer om hulle in Gibeon op te hang. Dawid het twee seuns van Saul se bywyf Rispa en vyf seuns van Saul se dogter Merab aan hulle uitgelewer. Hy het vir Mefiboset, Jonatan se seun, verskoon op grond van die verbond tussen hom en Jonatan.
- Die Gibeoniete het al sewe opgehang en hulle is saam met die bene van Saul en Jonatan begrawe in die graf van Kis, Saul se pa.

### **12.2 Die volkstelling**

Dawid se koninkryk het teen dié tyd sterk uitgebrei en groot aansien geniet. Al die omringende volke

was aan hom onderdanig.

- Hiermee was daar 'n groot gevaar vir die koning en die volk om nie meer op die Here te vertrou nie, maar op hulle eie mag.
- Dawid en die volk het albei in hierdie versoeking geval, en daarom het die Here vir hulle kwaad geword.
- Die Here het toe vir Dawid deur middel van Satan aangehits om die volk te tel (kyk 1 Kron. 21:1). Die telling self was nie die sonde van Dawid en die volk nie, maar hulle sonde het gelê in die beweegrede tot hierdie daad.
- Die telling het 'n militêre motief gehad. Dawid wou homself verheerlik. Sy sonde was dus hoogmoed en selfverheffing. Ook Israel as volk het hulle hieraan skuldig gemaak. Dawid se oë is gesluit sodat hy geen kwaad in die volkstelling kon sien nie. Selfs toe Joab hom gewaarsku het om dit nie te doen nie, het hy tog daarmee voortgegaan. Hoewel teen sy sin, het Joab toe die volkstelling waargeneem.
- Met die uitsondering van die stamme van Levi en Benjamin is die hele volk getel. In Israel was daar 800 000 weerbare manne en in Juda 500 000.

### **12.3 Die straf daarop**

Dawid se gewete het hom so begin pla dat hy uiteindelik tot 'n ootmoedige belydenis gekom het. Die Here het die profeet Gad na hom toe gestuur om hom sy straf aan te kondig. Hy kon een van drie moontlikhede kies:

- Sewe jaar hongersnood
- Drie maande lank vlug voor sy vyande
- Drie dae pes in die land

Dawid steun op God se genade en kies om liever in die hand van God te val. Hy kies dus drie dae pes in die land. Die Here het daarop 'n pes gestuur waaraan 70 000 Israëliete beswyk het.

### **12.4 Die dorsvloer van Arauna**

Toe Dawid sien dat die doodsengel Jerusalem ook gaan verdelg, het hy in 'n vurige smeekgebed sy sonde bely en die Here gesmeek om nie die volk verder te tref nie.

- By die dorsvloer van Arauna het die Here toe die plaag laat ophou.
- Die profeet Gad het weer na Dawid toe gekom en hom opdrag gegee om 'n altaar op die dorsvloer van Arauna te bou en om daar 'n offer vir die Here te bring.
- Dawid het die dorsvloer en ook beeste vir die offer van Arauna gekoop, en hy het offers vir die Here gebring.
- Die Here het getoon dat Hy die offers aanneem deur vuur van die hemel op die offers af te stuur.

### **12.5 Adonia wil koning word**

Nog een maal het Dawid verdriet gehad van een van sy seuns. Adonia, die seun van Dawid se vrou Gaggit, was ná die dood van Amnon en Absalom waarskynlik nou die oudste seun van Dawid en daarom het hy aanspraak gemaak op die troon.

- Ondersteun deur Abjatar en Joab het Adonia 'n groot feesmaaltyd laat voorberei. Hy het al die seuns van Dawid na hierdie maaltyd uitgenooi, behalwe vir Salomo.
- Sy plan was om hom op hierdie fees tot koning te laat uitroep.
- Deur die waaksaamheid van die profeet Natan het hierdie plan van hom aan die lig gekom.
- Natan het vir Batseba, die moeder van Salomo, aangeraai om dit vir Dawid te gaan vertel. Toe Batseba dit doen, het Dawid met 'n eedswering bevestig dat Salomo koning sal word.

### **13. Die betekenis van Dawid**

Dawid behoort saam met Abraham en Moses sekerlik tot die grootste figure van die Ou Testament.

- Hy was die man na God se hart. Hy het uitgeblink as gevolg van sy persoonlike dapperheid, wysheid en insig.
- Hy het sowel lyde en verdrukking as oorwinning en heerlikheid gesmaak.
- In die boeke van die profete word daar van die Messias-koning gesê dat Hy sal regeer soos Dawid, en die Messias word selfs Dawid genoem.
- Dawid is verder veral ook bekend as die digter van baie van die psalms in die boek Psalms. Ongeveer die helfte van die psalms dra die naam van Dawid.
- In 2 Samuel 23:1 word Dawid genoem “die gesalfde van die God van Jakob, die gevierde in die liedere van Israel”.